

Augustus 2021

LAAT JOU INENT
KOM ONS DOEN DIT

# COVID-19-ENTSTOWWE: Wat jy moet weet

## Nie seker of jy die COVID-19-entstof moet kry nie?

- Dis normaal om vrae te hê.
- Entstowwe het al 'n einde gebring aan pandemies soos polio en masels. Babas en kinders word ingeënt om te voorkom dat hulle hierdie en ander siektes kry.
- COVID-19-entstowwe is veilig en dit red reeds lewens in baie lande.

## COVID-19-entstowwe is veilig en doeltreffend

- Uit 2 miljard mense wat ingeënt is, het net 'n baie klein aantal 'n ernstige newe-effek gehad.
- Entstowwe beskerm teen ernstige COVID-19-siekte en sterfte.
- Entstowwe red reeds duisende lewens.

## Hoe werk die entstof?

- Die entstof lei jou immuunstelsel op om die koronavirus te herken.
- As jy dan COVID-19 kry, sal jou immuunstelsel aan die werk spring en keer dat jy ernstig siek raak.

## Hoekom het ek die entstof nodig?

- Daar is geen geneesmiddel vir COVID-19 nie.
- Entstowwe sal keer dat jy baie siek raak met COVID-19 of daaraan sterf.
- Inenting is ons beste beskerming teen meer "vlae" van COVID-19 en om weer 'n meer normale lewe te lei.
- Hoe meer mense ingeënt word, hoe kleiner is die virus se kans om mense siek te maak.

## Sal ek COVID-19 kry van die entstof, of sal dit my siek maak?

- Nee, die virus is nie in die entstof nie en jy sal nie COVID-19 kry van die entstof nie.
- Baie mense het ligte newe-effekte soos hoofpyn en koors. Dit begin so 6 uur na inenting en hou 1 tot 2 dae aan.
- Dit wys dat die immuunstelsel besig is om reg te maak om COVID-19 te beveg.

Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse inbelsentrum: 0860 142 142
www.westerncape.gov.za

## Hoe kry ek die entstof?

- Ons kan nie almal op een slag inent nie.
- Die mense wat die meeste in gevaar is om ernstige COVID-19 te kry, word eerste ingeënt.
- Jy kan vir inenting registreer deur die woord "REGISTER" te stuur na 0600 123 456 op WhatsApp of *134*832# te skakel (gratis vir alle Suid-Afrikaanse netwerke) of op die webtuiste: https://vaccine.enroll.health.gov.za
- As jy nie kan registreer nie, gaan na 'n inentingsperseel naby jou vir hulp. Neem jou ID saam.

## Hoe kan ek help?

- Help om mense te registreer wat kwalifiseer vir inenting, veral as hulle nie 'n slimfoon of Internettoegang het nie.
- Kry jou inligting van betroubare bronne. Vir meer inligting, gaan asseblief na https://coronavirus.westerncape.gov.za/vaccine/

## Het ek die entstof nodig as ek COVID-19 gehad het?

- Ja, die natuurlike immuniteit van infeksie is nie so sterk nie en hou nie so lank aan nie.
- Jy kan 30 dae nadat jy COVID-19 gekry het die entstof kry.

## Hoe gou na my inenting is ek beskerm teen COVID-19?

- 4 weke na 'n entstof met 1 dosis (Janssen of J&J).
- 2 weke na die tweede dosis van 'n entstof met 2 dosisse (Pfizer). Hoe meer mense ingeënt word, hoe kleiner is die virus se kans om mense siek te maak.

**Entstowwe is nie 100% doeltreffend nie.**

Gaan voort om COVID-19-voorsorgmaatreëls toe te pas:

- Dra 'n masker
- Was jou hande
- Behou 'n veilige fisieke afstand tussen jou en ander mense
- Vermy groot groepe mense en beknopte areas

**Kom ons werk saam om 'n einde te bring aan ernstige COVID-19.**
**Kry jou inenting so gou as wat jy kan.**
**Help ander mense om ingeënt te word.**

Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse inbelsentrum: 0860 142 142
www.westerncape.gov.za